

19 April

Skrifgedeelte: Spreuke 22:9
Fokusgedeelte: Spreuke 22:9

Omgee vir my naaste vind guns by God en mens

Vriendelikheid kan gesien word. Letterlik staan hier dat hy wat 'n "oorvloedige oog" het, geseën sal word. Dit beteken dat hy wat na 'n ander kyk en sy nood raaksien en aan sy nood aandag gee, geseën sal word. Sy oog het gesien. Sy hart is aangeraak. Daaruit het sy liefdesoptrede teenoor sy naaste voortgevloei. Hy het *van* sy brood (nie alles nie, maar 'n gedeelte daarvan) aan die arme/hulpbehoewende gegee.

Hierdie oog en hart en hand wat raaksien en omgee en help, is teken van God se liefdeswerk. Die Heilige Gees bring sy kind tot daadwerklike liefdesbetoon. Hy bring sy kind daartoe om goeie liefdesdade teenoor sy naaste te verrig, want die gelowige beseft dat alles wat hy is en het, bloot genade uit God se hand is. Daarom wil hy ook graag van die oorvloed wat God aan hom gegee en toevertrou het, uitdeel aan hulle wat minder as hy ontvang het of wat sy hulp nodig het.

Tog steek die gelowige nie maar daarby vas om uit te deel van die brood wat 'n mens met jou liggaamlike mond kan eet nie. Dit ook. Die gelowige gaan ook verder. Hy deel ook die Brood van die Lewe uit aan diegene wat oor sy lewenspad kom. Hy kan nie stilbly oor die Brood uit die hemel wat aarde toe gekom en onder ons kom woon het nie (Joh. 6:22-59). Hy dra die evangelieboodskap uit van God wat die wêreld só liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal ontvang (Joh. 3:16).

Jy wat uit liefde vir God liefdevol teenoor jou naaste optree, sal deur God geseën word. Ook eendag sal jy die ewige heerlikheid as seën uit die hand van die Here ontvang.

Sing: Psalm 97:6, 7 (Totius)

Dr. JH Howell (Heidelberg)